

Hoe lyk ons geloof in tye van beproewing?

Beproewings is daaglik deel van ons lewe. By sommige meer as ander. Deur hierdie teksgedeelte uit die profeet Jesaja vra God in sy Woord aan ons: *Wat word van ons geloof in 'n uur van beproewing?* Kan ons God ook suiwer en in alle waarheid dien as dit met ons swaar gaan?

In ons gelese gedeelte is die Judeese staat in die grootste nood, maar binnekant die mure van Jerusalem is daar vrolikheid en fees. Die mense roep dit dan ook uit: *Laat ons eet en drink, want môre sterf ons.* Sanherib is besig met sy derde krygstog. Hy het reeds Sidon ingeneem en trek nou nog verder suidwaarts. Die een stad na die ander val voor sy mag. Maar die mense binne Jerusalem vier fees, want hulle moed het hulle begewe. Hulle het geestelik oorgegee. In plaas van vertrou op God, gee hulle hul oor aan ligsinnige vreugde en oppervlakkige uitkoms. Vir so lank het die profeet Jesaja hulle gewaarsku dat vormgodsdien help niks in tye van beproewing nie. Nou dat hulle onder druk is, kom dit so duidelik na vore. In tye van beproewing vlug hulle nie tot God nie, maar tot tydelike oplossings en tydelike vreugde. Hiermee ontken hulle eintlik net hulle krisis. Hulle jok vir hulleself, maak of die vyand nie voor die deur staan nie. Laat ons nou maar eet en drink, want môre sterf ons. Fatalisties, hooploos, en tog vol valse feesvreugde.

Deur hulle *valse* feesvreugde verloën hulle God. Hierdie verloëning van God sal tot hulle eie oordeel wees (lees gerus Openb 16 ook). Hy het aan hulle beloof dat Jerusalem gespaar sal bly. Daar sal altyd 'n oorblyfsel van die volk wees, maar in tye van beproewing eis God Godsvertroue en nie 'n wanhopige gejaag na valse vreugde en valse oplossings, of fatalistiese feesvieringe nie.

In Jesus Christus het ons geen rede om vals fees te vier nie, ook nie in tye van beproewings en nood nie, want in Hom het ons deel aan die bruilofsfees van die Lam. In Hom wag 'n hemelse vreugde. Laat ons dan, deur die werking van die Heilige Gees, ons nie in tye van beproewing weg van God draai nie, maar juis vertrou en vashou en glo dat Hy ook in tye van beproewing vir ons waarlik 'n God van uitkoms en redding is.

Sing: Psalm 46:1 (1936)

Ds JG Noëth (Naboomspruit)